ORANIA LANDBOUVERENIGING

Tel: 073 104 9649

Epos: navrae@oranialandbou.co.za

VERSLAG

VAN DIE

ORANIA VOEDSELMANDJIE

Jaar op Jaar

MEI 2021

4 Mei

2021

INHOUD

1 INLEIDING& SAMESTELLING 3

2 MONETÊRE WAARDE VAN MANDJIE 5

3 VOEDSELINFLASIE 6

4 KOMMENTAAR 7

1 INLEIDING& SAMESTELLING

Sedert April 2020 versamel en stoor die Orania Landbouvereniging (OLV) prys data rondom die koste van voedsel in die gemeenskap van Orania om voedselinflasie te volg en sodoende aan verbruikers en belanghebbendes beskikbaar te stel.

Pryse word maandeliks in gevorder tussen die 1ste en 5de van die maand volgens ‘n “minimum” van 28 vasgestelde voedselitems gebaseer op ‘n gesin van 4 persone (2 volwassenes & 2 kinders) vir 2 weke.

Hierdie Projek staan bekend as die Orania Voedselmandjie en bestaan uit die volgende items in *Tabel 1*.

Hoeveelheid		Item
1	250g	Frisco koffie
1	40 sakkies	Rooibostee
1	1kg	Suiker
12	1L	Langlewemelk
1	2kg	Movite / Growwemieliemeel
2	18	Eiers
8	1kg	Maalvleis
8	500g	Macaroni / Spagetti
1	125g	Sout
1	50g	Peper
1	700ml	Tamatiesous
1	470g	Blatjang
8	170g	Tuna in soutwater / 4kg Hake
1	750ml	Sonneblomolie
1	1,5kg	Appels
14	1	Bruin brode
1	1kg	Stork Margarien
1	1kg	Tamaties
1	1kg	Uie
1	1kg	Aartappels
1	1kg	Gemengdegevriesdegroente
0.3	1kg	Kaas
1	12 Pak	Toiletpapier
1	kg	Omowaspoeier
2	koekies	Bad seep
2	Buisies	Tandepasta
1	350ml	Sjampoe
1		Handeroom

Tabel 1

Hierdie verslag sluit in die Orania Voedselmandjie se jaar op jaar syfers vir Mei 2021.

Ons wil graag ons opregte waardering uitspreek teenoor die voedselhandelaars in Orania vir hul bydraes in hierdie projek.

Gerhard Kotzé

Voorsitter

2 MONETÊRE WAARDE VAN MANDJIE

Die onderstaande *Grafiek 1* toon die monetêre waarde van die Voedselmandjie sedert Mei 2020.

Tydens Mei 2020 was die koste van die Voedselmandjie R2,068,41 en het in Mei 2021 geïndig op R2,134.04.



Grafiek1

3 VOEDSELINFLASIE

Grafiek 2 toon die maand op maand koers veranderings teenoor die vorige maand se koste van die Voedselmandjie. Die onderstaande grafiek toon ‘n deflasie syfer vir Mei 2021 van -3.18% teenoor April 2021.



Grafiek2

Grafiek 3 hieronder toon die inflasie vanaf April 2020 tot Mei 2021 en kom hierdie koers te staan op 9.47% oor die laaste 14 maande.



Grafiek3

Die onderstaande *Grafiek 4* toon die jaar op jaar inflasie syfers vir April 2021 & Mei 2021.

Mei 2021 se jaar op jaar voedselinflasie koers vir Orania kom te staan op 3.17%.



Grafiek 4

4 KOMMENTAAR

Mei 2021 gee ‘n wesenlike verlaging in die jaar op jaar koers teenoor dié van April. Dit kan toegeskryf word aan die hoë maand op maand sprong vanaf April 2020 tot Mei 2020, en die deflasiekoers van Mei 2021 vanaf April 2021 wat die gaping in die monetêre waarde van die mandjie nader aan mekaar gebring het.

Ons voorsien nog vreemde bewegings in die jaar op jaar syfers tot en met ongeveer Oktober 2021 soos wat die ekonomie stelselmatig heropen het in die 4de kwartaal van 2020.